

Hy is ook as die Speler van die Reeks gekroon danksy sy 15 paaltjies. Hy het die eerste toets weens 'n besering misgeloop.

Nóg 'n draaier, Shoaib Malik, het die Engelse ook eidelose probleme besorg en het 3/26 in

paaltjie was die voorlaaste een wat geval het. Volgens Cook was dié reeksnederlaag daaraan te wyte dat sy span in sleutel-oomblikke ore aangesit is.

“Dis moeilik om hier te kom speel, maar ons het in al drie

Engeland, wat onlangs nog breëbors rondgeloop het ná sy oorwinning in die reeks om die As teen Australië, het nou tot nr. 6 op die IKR se ranglys uitgesak. – Cricinfo en Reuters

Caroline mik weer na Comrades

Sarel van der Walt

Caroline Wöstmann se Olimpiese droom is nog nie verby nie, maar dit sal moontlik nóg vyf jaar moet wag.

Ná haar groot teleurstelling in Sondag se New York-marathon sal sy waarskynlik volgende jaar aan die af-Comrades Durban toe deelneem.

'n Seer voet het die 32-jarige Comrades- én Twee Oseane-kampioen gekeer om die kwalifiserende maatstaf (2:42:00) vir volgende jaar se Olimpiese marathon te oortref.

Wöstmann moes met 'n tyd van 2:44:26 – 31 sekondes beter as haar vorige beste – tevrede wees. Sy is in 1:18:40 (die beste van haar loopbaan) verby die halfpadkerf (21.1 km), maar het oor die laaste paar kilometer baie swaar gekry. Haar voet was die dag ná die wedloop blou.

Lindsey Parry, haar afrigter by die Universiteit van Pretoria se hoëprestasiesentrum (hpc), sê daar is 'n moontlikheid dat dié Wits-lektor in ouditkunde teen



Caroline Wöstmann vanjaar in die Comrades. Foto: DEAAAN VIVIER

Maart 2016 weer sal probeer kwalifiseer vir die Olimpiese Spele in Rio de Janeiro.

Hy meen dit sal beter wees dat Wöstmann eerder op die Spele van 2020 in Tokio, Japan, fokus.

Parry meen sy is jonk genoeg en is in staat tot 'n sub 2:30-marathon. Die eerste mikpunt is om vinniger as 2:40 te hardloop.

“Haar tyd van 3:41 in die Twee Oseane vanjaar wys sy is in staat tot 'n marathon van vinniger as 2:30,” sê Parry, wat

ook die amptelike Comrades-afrigter is.

Volgens hom sal Wöstmann nou vir 'n ruk rus.

“Wanneer sy terug is, sal ons besluit of die Twee Oseane of 'n marathon die beste vir haar Comrades-opbou sal wees. Ek wil nie hê Caroline (Wöstmann) moet weer soos vanjaar drie mededingende wedlope in dieselfde jaar hê nie. Ons is albei gretig dat sy eerder 'n haastige marathontyd moet hardloop.”

Volgens Parry het Wöstmann voor die New York-marathon reeds met die voetbesering gesukkel, maar dit was nie ernstig genoeg om haar aan die wedloop te onttrek nie.

“Dit was dalk 'n geval van een wedloop te veel.”

Die probleem wat Wöstmann in die gesig staar, is dat indien sy in Maart in 'n marathon vir die Olimpiese Spele sou kwalifiseer en sy neem op 29 Mei aan die Comrades deel, sal dit baie kort voor die Spele in Augustus wees. Sy sal dan nie in albei wedlope op haar beste kan wees nie, waarsku Parry.

Scholtz skakel Whitehouse uit

Eunice Visagie

Stellenbosch. – Dit was gister hier 'n goeie dag vir die gekeurde Suid-Afrikaners in die internasionale tennistoernooi wa hier gespeel word.

Nik Scholtz (2de gekeur) het Wesley Whitehouse van Nieu-Seeland met 7-6, 6-3 geklop.

Whitehouse, wat Suid-Afrika vroeër in sy loopbaan verteenwoordig het, was vinnig uit die blokke en het aanvanklik met 3-0 in die eerste stel voorgeloop. Maar toe Scholtz eers sy oog ingekry het, was die 24-jarige net te goed vir die voormalige juni-



Nik Scholtz

Vujic te klop. Hy was met 6-2, 6-1 baas. Harris speel in die kwarteindronde teen Luca Pancaldi, die 8ste gekeurde. Dié Italianer het in twee stelle met die Suid-Afrikaanse junior Timothy Dollman afgereken. Teen Harris sal hy sy spelneil moet lig.

te klop.

Crowley sal hoop op nóg 'n goeie dag wanneer hy teen die top-gekeurde, Pascal Brunner, te staan kom.

Die enigste Suid-Afrikaanse vrou wat gekeur is, Madrie le Roux (6de), het 'n oortuigende oorwinning van 6-2, 6-1 oor die Kanadees Annie-Sophie Courteau behaal. Le Roux speel vandag teen Brittanje se Gabriella Taylor.

Van die ander gekeurde vroue het nie baie vreugde in die tweede ronde ervaar nie. Die 7de gekeurde, Alexandra Riley, is deur Namibië se Lesedi Sheya Jacobs uitgeskakel. Die

Krie
EERS
(Moh)

Indië
M. Vi
S. Dh
C. Pu
V. Kol
A. Ra
W. Sa
R. Jac
A. Mi
R. As
U. Yad
V. Aar
Ekstra

TOTAL
Val va
5-102,
BOUL
der 15
0-30-1